FACTA NON VERBA

# LANDSDIENS SUID-AFRIKA

## EERSTE KWARTAAL NUUSBLAD

## 2026

> Ons land se grootste rykdom is sy mense, fyner en waarer as die suiwerste diamante - Nelson Mandela

LANDSDIENS
LAND SERVICE

FACTA NON VERBA

## Elke kwartaal is soos ‘n nuwe seisoen in ons tuin van hoop.

## Nuusblad: Kwartaal 1

***Beste Lede,***

*Die eerste maande van 2026 het soos ’n vars bries die stof van die ou jaar weggewaai. Die nuwe jaar het ons met vars energie en doelgerigtheid ingelei .*

*Ons het met energie weggespring, die ratte goed gewissel en ons kan met dankbaarheid terugkyk op ’n vervullende eerste kwartaal.*

*In die tyd het Landsdienslede, ten spyte van skool, sport en ander verpligtinge, met toewyding opgedaag en ’n verskil gemaak. Elke daad van liefde – van ’n glimlag met iemand deel wat dit nodig het - van groentetuine versorg tot kruie en groente uitdeel – het ons die Landsdienswaardes sigbaar uitgeleef en lig gebring waar dit nodig was.*

*Paasfees het ons herinner aan die kern van ons geloof. Dit was ’n tyd om weer die onbaatsugtige liefde van ons Hemelse Vader te herdenk. In die opstanding van Jesus lê ons oorwinning, en dit herinner ons aan die roeping om die liefdesboodskap daadwerklik uit te leef. Hierdie tyd het ons aangemoedig om méér te gee, méér te doen en méér diensbaar te wees.*

*Mag ons voortgaan om Facta non Verba – dade, nie woorde – uit te leef, en deur eerbare diens ons medemens en omgewing met respek en omgee te dien.*

*Heleen Human*
*Nasionale Voorsitter / Landsdiens*

## *LEDEREGISTRASIE*

Op die Landsdiens se sentrale databasis woel dit soos 'n byekorf vol lewe, terwyl Klubleiers met ywer hul lede inskryf.


Registrasies in al die Provinsies is volstoom aan die gang en ons oë glinster met verwagting om die **2025-ledetal** van **12 446** te laat groei.

Nuwe Klubs het met ywer uit hul blokke gespring en begin stadig maar seker die vreugde en opgewondenheid proe van 'n Landsdiens-leefwyse wat wortel skiet en groei.

Einde Maart spog ons reeds met 'n totaal van **10 230** lede en Landsdiens het tans 'n totaal van **162 Klubs** waarvan **75** Hoërskool- en **86** Laerskool Klubs is.

Registrasies sluit nie en lede kan steeds registreer.

Maak gerus kontak met ons Landsdiens Skakelbeampte vir meer inligting by pro@landsdiens.co.za.



# ALGEMENE JAARVERGADERING

Landsdiens se Algemene Jaarvergadering vind jaarliks in die begin van Maart plaas en is ’n ankerpunt van refleksie en visie.

Dit is ’n geleentheid waartydens die Nasionale Voorsitter ’n terugblik gee oor die vorige jaar se bedrywighede, hoogtepunte asook sake wat ruimte geskep het vir verbetering.

Wanneer ons in die pad afkyk na 2026, is die toekoms vol moontlikhede wat geleentheid bied vir verrassende uitkomste.

Landsdiens is ’n juweel wat met almal gedeel moet word. Die fokus is sterk op ons jeug en die toekoms bied ruim geleenthede om ons jongmense toe te rus vir die vinnig veranderde lewe buite die beskutting van ouerhuise en die skool omgewing.

Die Adjunkvoorsitter: Tesourie het die finansiële state voorgelê, en met dankbaarheid erken ons ’n gesonde finansiële jaar wat ons fondamente versterk.

Die komende jaar beloof om gevul te wees met ’n verskeidenheid geleenthede – elkeen ’n kans om waardevolle herinneringe te skep wat ons gemeenskap se verhaal verder verryk.

## *HOOFBESTUURSVERGADERING*

Landsdiens se Bestuursvergaderings het as hoofdoel om die organisasie se rigting, bestuur en verantwoordbaarheid te verseker. Dit bied 'n gestruktureerde forum waar die Provinsiale Voorsitters van Landsdiens strategiese besluite neem, finansiële prestasie moniteer en risiko's bestuur.

Landsdiens se Hoofbestuur vergader twee keer per jaar in persoon. Die Bestuur bestaan uit die tien Provinsiale Voorsitters van die onderskeie Provinsies, die Skakelbeampte en Nasionale Voorsitter.

Tydens die vergadering is die nuutverkose Provinsiale Voorsitters, verkies in 2026, verwelkom tot die Bestuurspan. Gelukwense is oorgedra aan die volgende persone:

**Herverkies tot Voorsitter van:**

| | | |
|---|---|---|
| Limpopo | - | Christa Darvall |
| Noord-Kaap | - | Ada Rheeder |
| Noordwes | - | Chanè Venter |

**Nuut verkose Voorsitters:**

| | | |
|---|---|---|
| Oos-Kaap | - | Stollie Duvenage |
| Vrystaat | - | Jaco Annandale |

Tydens die verkiesings is die Provinsiale Bestuurspanne van die onderskeie Provinsies ook verkies vir die volgende 3-jaar periode.

Bogenoemde persone is almal vrywilligers wat hul tyd en energie aanbied tot voordeel van ons kosbare Landsdienslede. Die spanne neem take met erns en passie op en is bereid om voor te loop.

**Verdere besprekingspunte :**

- Tydens die vergadering is gefokus op langtermynvisie, doelwitte en die strategiese rigting votentoe;
- Beplanning ten opsigte van Nasionale projekte vir 2026;
- Streng finansiële monitering ten einde te verseker begrotings en kontantvloei bly gesond;
- Die vergadering skep 'n platvorm vir kollektiewe en kritiese besluitneming;
- Moontlike risiko's en uitdagings is 'n realiteit en besprekings ten opsigte daarvan geniet voldoende aandag.

Ruimte is gelaat vir genoegsame gesels met die oog op die belangrikste aspek van ons organisasie – die welstand van ons lede. 'n Vol program is gedagboek vir 2026.

LANDSDIENS
LAND SERVICE

FACTA NON VERBA

## HANDLEIDING: BERAAD

In die jaar waartydens Landsdiens 'n 112 jaar bestaan, is daar met vars oë gekyk na die Handleiding.

'n Baie suksesvolle beraad is in April 2026 aangebied, waartydens die Landsdiens Handleiding onder die vergrootglas geplaas is.

Tydens 5-dae geleentheid is elke paragraaf deeglik deurgewerk ten opsigte van korrektheid, relevansie en toepaslikheid

Te danke aan die toegewyde Bestuurspan was die proses 'n produktiewe werksessie met 'n produk wat nou stelselmatig deur die proses van aanpassing, verandering, kennisgewing en finale bespreking blootgestel kan word.

Die eindproduk sal gedurende die 2027 Algemene Jaarvergadering voorgehou word vir goedkeuring.

## NASIONALE PROJEKTE: 2026 NASIONALE KAMPE

Gedurende Desember vind Landsdiens se "flagship event" plaas – 'n hoogtepunt vir lede wat deur hul onderskeie Provinsies aangewys is om deel te wees van die Nasionale span.

Hierdie kampe, 'n trotse Nasionale projek, word jaarliks aangebied en bied aan Provinsiale Besture die geleentheid om die reëlings te behartig. Finale goedkeuring berus by die Nasionale Bestuur, wat sorg dat alles volgens Landsdiens se standaarde verloop.

In 2026 neem die Suid-Kaap die leisels vir die Laerskoolkamp, terwyl Hoërskoollede die gasvryheid van KwaZulu-Natal gaan ervaar.

Bestuurspanne is reeds vir 'n geruime tyd al besig met deeglike beplanning om van hierdie kampe onvergeetlike ervarings te maak.

Ons sien met opgewondenheid uit na die ontmoeting met die trotse volstruise van die Suid-Kaap en die majestieuse vloei van die Mkhomazi rivier – simbole van die avontuur en gemeenskap wat wag.

Hou gerus die Landsdiens sosiale platvorms dop vir meer opwindende inligting.

# *BEWARING VAN LANDSDIENS MATERIAAL*

**Waarom dit belangrik is vir Landsdiens om materiaal by die Erfenisstigting te bewaar**

Die bewaring van Landsdiens se dokumente, rekords en ander kollektiewe erfenismateriaal by ‘n erkende instelling is van kardinale belang. Landsdiens materiaal word by die Erfenisstigting bewaar wat belangrik is vir die volhoubaarheid en integriteit van ons organisasie.

Landsdiens is ‘n 112-jaar oue organisasie met ‘n baie ryk geskiedenis en diepgewortelde waardes, en daarom vorm hierdie materiaal nie net deel van ons identiteit nie, maar dien dit ook as bewys van Landsdiens se bydrae tot jeugontwikkeling oor dekades heen.

Deur hierdie erfenis professioneel te bewaar, word verseker dat toekomstige geslagte toegang het tot betroubare en goed-gedokumenteerde bronne wat die storie, groei en impak van Landsdiens reflekteer.

Verder bied samewerking met ‘n instelling soos die Erfenisstigting die voordeel van kundige argivering, bewaring en digitalisering van materiaal. Dit verminder die risiko van verlies, skade of fragmentasie van belangrike dokumente wat andersins oor verskeie rolspelers versprei mag wees.

Dit dra ook by tot Landsdiens se institusionele geloofwaardigheid en verantwoordbaarheid, aangesien dit wys dat Landsdiens se geskiedenis en nalatenskap ernstig opgeneem en op ‘n professionele wyse bestuur word.

**Hier is bietjie agtergrond ook van die Erfenisstigting:**

Die Erfenisstigting is geleë by die Voortrekker Monument in Pretoria. Dit is in 2002 as ’n nie-winsgewende maatskappy gestig en is vandag ’n gerespekteerde rolspeler binne die Suid-Afrikaanse kultuurerfenissektor. Die organisasie dien as ’n belangrike versamelpunt waar nalatenskap bewaar en oorgedra word na volgende geslagte.

Deur middel van ’n goed gevestigde argief, biblioteek en museumstoor word daar aktief toesig gehou oor die bewaring van kosbare geskiedkundige en kulturele materiaal.

Die organisasie speel ook ’n betekenisvolle rol in die beskerming en bewaring van erfenisterreine regoor Suider-Afrika.

LANDSDIENS
LAND SERVICE

As deel van hul opvoedkundige mandaat bied die Erfenisstigting dinamiese uitstallings aan wat gereeld vernuwe word om 'n verskeidenheid temas en geskiedkundige perspektiewe uit te lig. Die verwysingsbiblioteek en argief is ook toeganklik vir navorsers, akademici en ander belangstellendes wat dieper wil delf in Landsdiens se gedeelde erfenis.

Die bewaring van dokumente by die Erfenisstigting dra dus nie slegs by tot die beskerming van die verlede nie, maar verseker ook dat die stories, waardes en bydraes van vandag met sorg oorgedra word aan die leiers en gemeenskappe van môre.

Neem gerus 'n oomblik om die Voortrekker Monument te besoek – 'n plek waar geskiedenis en erfenis saamvloei. 'n Draai by die Erfenisstiging is beslis die moeite en tyd werd.

## NUUT ...... WAARNA KAN ONS UITSIEN

Nuut en vars in ons Nuusblad is 'n reeks gesellige kuiers!

Deur die jaar wil ons ruimte bied in ons kwartaallikse nuusblad vir aangename stories van Landsdienslede – herinneringe uit die dae van vroeër en inspirasie van ons huidige leiers.

Ons nooi jou om jou Landsdiens-ervarings met ons te deel; van goeie gewoontes en tradisies, kampvuurgeselsies wat harte warm maak, en die betekenis wat Landsdiens vir jou persoonlik dra of in die verlede gedra het.

Ons wil graag saam die kosbare stories wat Landsdiens deur die jare in ons lede se geheueboeke ingeweef het; met almal deel.

Stuur jou verhaal, getik en bondig (maksimum 300 woorde), per e-pos na pro@landsdiens.co.za.

# *GROET-BOODSKAP*

Landsdiens ons diamant – sterk, helder en kosbaar.

’n Diamant het verskeie fasette wat die lig vasvang en dit laat skitter. Ons fokus op waardes, die vier liefdes wat saamgevat word in omgee en respek.

Elke vrywilliger en lid van Landsdiens is ’n edelsteen. Edelgesteentes het elk ’n unieke kleur en glans, en dit is juis die verskeidenheid wat ’n kroon laat uitstaan. So bring elkeen van ons lede ’n unieke bydrae – ‘n vaardigheid, passie en persoonlikheid – wat ons organisasie uniek maak.

Wanneer ‘n diamant en sy edelgesteentes saamwerk, straal dit ’n lig wat nie verberg kan word nie. Net so straal Landsdiens as ’n organisasie wanneer elke lid sy/haar waardes en volle potensiaal uitleef in die gemeeskap.

Saam is ons nie net ’n groep mense nie, maar ’n juweel wat die wêreld kan laat skitter.

Die juweel moet gedeel word met ons omgewing en ons wêreld.

Laat elkeen van ons skitter in ’n wêreld wat smag na liefde, omgee en respek.

Ek vertrou die Nuusblad het jou laat glimlag en dat daar uitgesien word na die volgende uitgawe.

**Groete**

**Heleen Human**
**Nasionale Voorsitter**

FACTA NON VERBA

# LANDDIENS SUID AFRIKA

# #2026